# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D  9:00**

## Het jy 'n goue kalf in jou lewe of is God jou God!

**Skriflesing:** Ex 32:1-35

**Teksvers**: Ex 32: 1,4,9-10, 31-32

**Sing**:
Ps 66-1:1
Sb 12-3:1-4
Sb 9-3:1
Lied 241:1
Ps 134-1:4
Sb 14-1:1,3
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

Die meeste mense het maar iewers in hulle lewens 'n goue kalf. Dit is 'n stokperdjie, hulle werk, hulle sport, geld, vrou, kinders of enige-iets wat vir jou belangriker is as God. Ja selfs jou eie ek, status, geld, besittings kan 'n "goue kalf" in jou lewe wees. Dit kan maklik gebeur dat iets, of iemand of besittings of werk belangriker in jou lewe raak as God. Ons kan baie maklik op baie dinge vertrou maar vertrou ons werklik op God. As ons moedeloos raak oor ons lewe, wat met my gebeur, oor die omstandighede in die land, die werkomstandighede, waarnatoe wend ons onsself. Wie gaan ons help? Hoe gaan ons uit hierdie situasie kom?

Ons gaan na drie sake kyk uit ons Skrifgedeelte:

- Die groot sonde, nl. die goue kalf. Ex 32:1-6
- Die groot toets. Ex 32:7-13
- Die groot genade van God en tug van God. Ex 32:15-35

**S O N D A G A A N D  18:00**

## Christus maak ons deel van die gemeenskap van heiliges

**Skriflesing:** Lukas 15:11-32

**Teksvers:** Lukas 15:21

**HK**: Sondag 21

**Sing**:
Ps 146:1, 2, 3
Ps 42:1, 5
Ps 71:12,13,14
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Ons ken die trilogie van verlorenheid baie goed. Die gelykenis van die verlore seun is algemeen bekend. En hoewel dit hier gaan oor die blydskap van die bekering van sondaars, sit daar ook iets in hierdie gelykenis oor hoe ons die kerk moet sien.

1. Wat beteken die woordjie: "kerk"? NGB art 28
2. Aan wie behoort die kerk? NGB art 27
3. Hoeveel kerke bestaan daar? NGB art 29
4. Waarom is dit belangrik om deel te wees van 'n gemeente? HK Sondag 21




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 45  Nr 23  21 Junie 2020**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Inperking positief of negatief ivm die gesin

Die inperkings was baie radikaal in ons almal se lewens. Vir die eerste keer in ons lewens is ons ingeperk en mag nie uit ons huise gegaan het nie. Nou word die inperkings stelselmatig opgehef maar die krisis is nog nie verby nie en ons moet self verantwoordelikheid neem vir ons doen en late.

Maar hoe het die inperkings jou eie of jou gesinslewe beïnvloed? Daar was sekerlik meer tyd saam as gesin, sonder sport en buitemuurse aktiwiteite. Die kinders het egter ook baie skool-werk gehad wat hulle moes doen. Maar hoe hoe het dit julle gesinslewens geraak en veral huisgodsdiens? Ons lees in **Deut 6:6,7** "*Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. 7) Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan*."

Gesonde lewens as jy enkel is of gesonde gesinslewens kom juis na vore as jy in dankbare gehoorsaamheid doen wat God vra. God vra van ons 'n dankbare en toegewyde lewe aan Hom. Hierdie is nie 'n moeilike gebod nie. God vra nie geld of diere-offers nie, "lof" is die offer wat God vra.

Deur te lees en te bid, is jy besig om te leer hoedat God wil hê dat ons moet lewe. Daar is nie 'n voorskrif van hoe nie, maar wel dat ons dit moet doen. Hierdie is nie 'n moeilike gebod nie, dit is 'n gebod wat ons net met erns en toewyding moet uitvoer. Maar dit gaan verder as net bloot lees en bid in die gesin, dit gaan ook oor gesamentlike aanbidding.

Ons is steeds daarmee besig, al is dit met die elektroniese media. Maak jy as verbondshoof erns daarmee om Sondae saam met jou gesin te gaan sit en in te skakel op die eredienste en saam met die gemeente God te aanbid? Want alhoewel ons nie bymekaar kan kom nie, wel net in 'n baie beperkte hoeveelheid in ons gemeente, is ons tog in die gees saam besig om God te dien.

Al is baie van ons lidmate besig om van die huis af te werk en baie dalk meer ure werk, al is hulle by die huis, moet nie vergeet dat ons eerste doel is om God te dien en te eer en te aan-bid nie. Maak erns daarmee en dien Hom voluit as jy alleen is, of as jy saam met jou gesin is.

Soli Deo Gloria! Aan God alleen die eer.

Ds Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

Volg die skakels is op ons webwerf by http://gkcenturion.co.za/ en luister/kyk na:

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Skakel gerus u: Ds, Ouderling of Diaken ingeval van nood.

Kerkkantoor word nie tans beman nie, u kan 'n epos stuur na kerkkantoor@gkcenturion.co.za

---

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of 'n epos na skephoop@gkcenturion.co.za stuur as u hulp nodig het (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel):

Marius Gerber: 082 327 2949;
Rudy Kruger: 082 468 6035;
Petra Swanepoel: 0829277324;
Theuns Louw: 082 815 4272;
Drikus van der Walt: 060 569 2608

*'n Mens beplan sy pad,*
*maar die Here bepaal*
*hoe hy loop.*
*Spreuke 16:9*

---

Metode om tot die ***2 Miljoen Bybels-projek*** by te dra:
Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing:
***Bybelgenootskap***

## VERJAARSDAE

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Jun | Pierre | Struwig | C13 | 27826887495 |
| 22-Jun | Rykie | Heunes | B11 | 27825640922 |
| | Alwyn | Kotze | A16 | 27837431858 |
| 23-Jun | Mariza | Mosca | C08 | 27824058565 |
| | Hester | Mostert | A02 | 27846029594 |
| | Francois | Pieters | C07 | 27798763033 |
| | Johan | Snyman | C06 | 27824513305 |
| | Toy | vd Berg | C02 | 27839889235 |
| | Arina | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| | Christi | Venter | C06 | 27829401555 |
| 24-Jun | Tienie | Butner | A08 | 27795228943 |
| | Ben | du Plessis | C01 | 27827841023 |
| | Hester | vd Merwe | B06 | 27713822573 |
| | Nicolene | van Dyk | B16 | 27839533934 |
| 25-Jun | Anne-Marie | Loots | A08 | 27823773551 |
| | Hugo | vd Berg | A12 | 27716076256 |
| | Arie | vd Plaats | B16 | 27792608181 |
| | Anja | van Dyk | A14 | 27828551239 |
| 26-Jun | Dean | du Plessis | B09 | 27832840673 |
| | Jannie | Klopper | C12 | 27848900872 |
| 27-Jun | Marco | de Beer | B10 | 27735336716 |
| | Johan | Pretorius | A06 | 27824443740 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21-Jun | Novaleigh | Aucamp | B12 | 27731640713 |
| 22-Jun | Muriel | Gourley | A15 | 27826774481 |
| | Bennie | Viljoen | B15 | 27823784967 |
| 24-Jun | Louis | Deist | B15 | 27724136860 |
| 25-Jun | Adam | vd Berg | A05 | 27826402571 |

## Versoek van die Diakonie

Die Diakonie het besluit om in die lig van die Covid 19 pandemie en die inkomste verliese binne ons gemeente 'n inisiatief te begin waar ons mekaar kan ondersteun. U word versoek om asseblief vir ons die volgende inligting deur te stuur:

1. As u, u werk verloor het en werk soek moet u asseblief 'n epos stuur aan diakonieskriba@gkcenturion.co.za en aandui wat se tipe werk wat u soek. Inligting sal streng vertroulik hanteer word.
2. Indien u enige vakante poste het as 'n werkgewer.
3. Indien u, u eie besigheid het, stel ons asseblief in kennis wat u doen en die kontaknommer van u besigheid, of as u enigiets verkoop. Ons versoek dat mense mekaar binne kerkverband ook hierin ondersteun bv. as u 'n loodgieter is XXX loodgieters – kontak no. XX en kontak persoon XX.

Inligting moet die diakonie op 'n Woensdag om 10:00 bereik vir verwerking en plasing in die week se nuusbrief. Stuur besonderhede na diakonieskriba@gkcenturion.co.za.

**Hoop & Help** Pastorale en Life Coaching berading, gratis. Esther du Plessis 0718682257.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

**Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal**? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Het u 'n meubelstuk wat vra vir herstelwerk?** Het u kaste waarvan die skarniere, laaispore, slotte ens nie meer werk nie? Kontak my asb vir 'n gratis kwotasie. Jan Reesink 079 455 4580.

**Heerlike tuisgebak.** Melktert, Piesangbrood, mielie-kaas brood, lemoenbrood en heerlike Wortelkoek broodjie met roomkaasversiersel. Bestellings moet 24 uur vooraf geplaas word vir afhaal Vrydae. Kontak Charvette 081 251 9617

**Speelterapie praktyk.** Kontak Wietske Boon 082 411 4015/wietske@childtherapist.co.za

## Vrydag-Grendel-Winkel

**20-24 Junie**

| | |
|---|---|
| Kerrie en Rys | R35 |
| Koeksisters | R30 |
| Beskuit (500g) Keuse van Karringmelk/Boerbeskuit | R50 |

**Droë Vrugte** (500g behalwe waar anders aangedui):

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ongeskilde perskes | R45 | Geskilde perskes | R60 |
| Gemaalde perskes | R45 | Nektariens | R50 |
| Pruimedante | R45 | Gemengde vrugte | R50 |
| Vrugte lekkers | R40 | Appelringe (250g) | R35 |
| Pere | R45 | Vrugtevlokkies (250g) | R40 |
| Perskerolletjies (100g) | R15 | Pererolletjies (suikervry 100g) | R15 |
| Appelkose | R45 | | |

**Bestellings sluit 24 Junie, 12:00**

Plaas bestellings by Liana 071 600 0368

Bestellings kan **26 Junie** tussen **16:00 en 17:00** by kerk opgetel word



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Lindie de Souza sterk aan na 'n operasie in Moot Hospitaal (A11—079 732 9729).
- Marijke Mostert sterk aan na 'n operasie (A2—664 2976).
- Nicoline Jonker sterk tuis aan na 'n voetoperasie (B4—666 7333).

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

*Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.*

*Spreuke 3:5 en 6*

## Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie